# 2014-KONGRESBESLUITE

**SPREKERS, KONGRESSTANDPUNTE EN BESLUITE:**

Kongrestema: Die oplossing in jou hande
Paneelbespreking: Transformasie-, Arbeid- en Maatskaplike-Vraagstukke
Paneelfasiliteerder: Dr Theo de Jager (Adjunk-President, Agri SA)
Paneellede: Mnr Hans Jurie Moolman (Regsgeleerde, Moolman en Pienaar Ingelyf Prokureurs) Mnr Hansie Viljoen (Voorsitter Stuurkomitee Agri NW-Transformasie- en Boerontwikkelings-omitee) Mnr Willem de Chavonnes Vrugt (Voorsitter, Agri Setlagole, Mnr Danie de Villiers (Arbeid en Maatskaplike Voorsitter, Agri NW) Mnr Chris Faure (Voorsitter, Agri Christiana)

**<u>KONGRESBESLUITE:</u>**

- ✓ Kongres bevestig en ondersteun Agri NW se standpunt soos deur die Voorsitter van die Transformasiestuurkomitee aan die Kongres voorgehou.
- ✓ Kongres ondersteun deurlopende skakeling met rolspelers op alle vlakke om restitusie met al die fasette daaraan verbonde tot die beste belang van Landbou te bestuur.
- ✓ Kongres ondersteun die spoedige voltooiing van die Grondoudit, asook deurlopende opdatering van die algemene data vir beplanningsdoeleindes.
- ✓ Kongres verbind hul daartoe om die nodige plaaslike skakelingstrukture, volgens die reeds voorgestelde Agri NW strategie, te stig, te onderhou en te gebruik om transformasie en beeldbou te bevorder.
- ✓ Kongres ondersteun werkgewervoldoening aan Arbeidswetgewing, insluitende die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid, asook om dit op plaasvlak, verkieslik in samewerking met 'n Landbouwerkgewersorganisasie, in plek te stel.
- ✓ Kongres spreek waardering uit teenoor getroue plaaswerkers en ondersteun die daarstelling van ʼn wel deurdagte plan om omstandighede van plaaswerkers toenemend te verbeter.
- ✓ Kongres ondersteun die opdrag aan Affiliasies om 'n goeie samewerkingsverhouding met Arbeidsinspekteurs te vestig deur hulle te betrek by Affiliasievergaderings, waartydens die resultate van Arbeidsinspeksies bespreek kan word.
- ✓ Kongres ondersteun die vestiging van plaaslike Werkersrade waardeur goeie samewerkingsverhoudings en begrip tussen Werkgewers en Werknemers gevestig kan word. Dit dien ook as teenvoeter vir Vakbond- en ander ongewenste aktiwiteite.
- ✓ Kongres onderskryf ook die sosiale Samewerkingsooreenkoms tussen Agri SA en die ander rolspelers om beter lewensomstandighede vir plaaswerkers te skep. Owerheidsinstellings het 'n deurslaggewende verantwoordelikheid om hier te vervul.